# Leeu se vuur stokkies

- Traditional San story
- Manyeka Arts Trust
- Stephan Coetzee
- 4
- Afrikaans af

Hierdie storie begin in die ou tye toe mense en diere saam met mekaar geleef het. In daardie dae het die mense nie die reg tot vuur gehad nie. Hulle het hul kos rou geëet het. Slegs leeu het die krag tot vuur gehad.

Die mense en die diere het bymekaar gekom om ‘n plan te maak. “Wat kan ons doen om die vuur van leeu te kry, sodat ons ons kos kan gaar maak?” Vra hulle. Hulle het besluit om te wag tot dit aand word en toe begin hulle sing en sing, klap en klap en roep almal nader. “Kom dans saam met ons. Kom dans saam met ons. Kom dans saam met ons.”

Baie diere het uit die bos kom aansluit by die dans en gesing. Leeu het sy vuurstokke saam gebring. Hy het die stokke begin saam vryf, gevryf en gevryf. Gou het ‘n bietjie rook onder die stokkies verskyn. Leeu het op die vlamme begin blaas en bietjie droë gras bygegooi. ‘n Klein vlammetjie het verskyn en almal bring toe ‘n stuk hout. Gou het almal rondom ‘n vuur gedans.

Haas was ‘n ervare en vinnige dier. Die mense het vir hom gesê, “Terwyl ons hier sing en terwyl Leeu saam met met ons dans, moet jy sy vuurstokke gryp en hardloop.” So gryp Haas toe Leeu se vuurstokkies en hardloop weg. Hy het dit nie maak nie, want Leeu het hom gevang en bring toe sy vuur stokke terug.

Die leeu het ‘n grootpraatlied gesing: “Vir my maak dit nie saak nie. Ek het nie ‘n probleem nie. Ek kan jou eet met hare, ek kan jou eet sonder hare. Ek het nie ‘n probleem nie. Almal van julle is kos vir my.”

Springbok kon vinnig hardloop en baie hoog spring. Die mense het vir hom gesê, “Terwyl leeu dans en sing saam met ons, moet jy sy vuurstokke gryp en weghardloop.

Terwyl hulle gedans en gesing het, het Springbok die vuur stokkies gegryp en weggespring in die veld in. Maar Leeu het gesê: “Hoekom hoor ek nie die kloppetie-klop kloppetie-klopgeluid van Springbok se hoewe agter my nie?”

Leeu het omgedraai en gesien hoe Springbok weghardloop in die veld in met sy vuurstokke. So het hy agter Springbok aan gehardloop, hom gevang en teruggekom met sy vuurstokke. Weereens het Leeu sy grootpraatliedjie gesing.

Toe fluister die mense vir mekaar. Hulle het gesê: “Kom ons vra vir Duiker. Hy is klein en baie vinnig.” “Duiker,” het hulle geroep,” terwyl leeu dans en sing saam met ons, moet jy sy vuurstokkies gryp en weghardloop.”

Toe hulle om die vuur gedans het, gryp Duiker Leeu se vuurstokke en hardloop in die die veld in. Maar Leeu het gesê: “Hoekom hoor ek nie Duiker se snuif-snuif geluid agter my nie?” Hy het omgedraai en agter klein Duiker aangehardloop wat besig was om in die veld te spring. Leeu het hom gevang en het teruggekeer na die vuur met sy stokke.

Weereens, het Leeu sy grootpraatliedjie gesing. “Vir my maak dit nie saak nie. Ek het nie ‘n probleem nie. Ek kan jou eet met hare, ek kan jou eet sonder hare. Ek het nie ‘n probleem nie. Almal van julle is kos vir my.”

“O,” sug die mense, “Watter dier sal ons nou kan help? Volstruis het die langste bene van almal, kom ons vra hom. “Hulle verduidelik die plan vir Volstruis en hy gryp Leeu se vuurstokkies hierdie keer.

Leeu sê toe : “Hoekom hoor ek nie Volstruis se hoë stem agter my nie?” Hy kyk rond, sien Volstruis en hardloop agter hom aan.

Na ‘n lang tyd, het Leeu teruggekeer met ‘n moeë gesig, want Volstruis het te vinnig vir hom gehardloop. “Van hierdie dag af,” het hy gesê, “Sal ek nie enige van julle alleen laat nie. Ek sal julle jag en julle jaag en julle eet!” En dit is hoe Leeu almal se vyand geword het en hoe mense die krag van vuur gekry het.

# Global Storybooks

globalstorybooks.net

## Leeu se vuur stokkies

Traditional San story
Manyeka Arts Trust
Stephan Coetzee

CC BY